Politieke Denkstrome in Suid-Afrika - 'n Soeke na rigting

'n Projek van die Christiaan de Wet Fonds

'n Besprekingsdokument vir Die Afrikanerbond

Die Afrikanerbond
Besprekingsdokument
Maart 2017
Johan Mostert

Politieke denkstrome in Suid-Afrika -
'n Soeke na rigting
Johan Mostert

'n Uitgebreide ontleding vanuit aanvanklike gedagtes by die Filosofie Kafee in Pretoria en aangepas vir die Afrikanerbond.

> *"So noodsaaklik soos die bloedsomloop vir die liggaam is, so noodsaaklik is die sirkulasie van gedagtes vir die volk. Die sirkulasie van gedagtes: dis die vrye uitspreek van eie mening en die aandagtige luister na die mening van ander, sodat 'n wisselwerking ontstaan...en mettertyd miskien 'n wederkerige begrip en 'n mate van gemeenskaplike oortuiging; dit is die "oop gesprek" nie alleen tussen individue nie, maar ook tussen groepe. En hiersonder is geen gesonde politieke lewe moontlik nie." - NP van Wyk Louw (Liberale Nasionalisme, 1958)*

Inleidend
In die jare voor 1990 is die Afrikaner deurlopend gewaarsku teen 'n veelheid gevare. Daar was die Rooi gevaar, die Geel gevaar, die Swart gevaar, die Roomse gevaar en les bes, die gevaar van die Liberalisme. Kongresse en openbare besprekings is gehou om Afrikaners in te lig en te waarsku teen hierdie aanstuwende bedreigings. In die skole, vanaf kansels, deur die SAUK, op politieke verhoë, ja, oraloor is die boodskap gehoor: Pasop! Hierdie bedreigings is die dood in die pot. Dit gaan die ondergang van die Afrikaner bewerk.

Waar staan ons nou? Die geskiedenis het sy ironiese loop geneem. Die Swart gevaar is tans die regering van die land, die Rooi gevaar is deel van die kabinet en om alles te kroon word ons staatsfinansies deur 'n lid van die Kommuniste-party beheer, die Geel gevaar het verander van 'n ideologiese en demografiese gevaar tot 'n bedreiging van werksgeleenthede, en die Roomse gevaar het stil-stil van die radarskerm verdwyn.

Die "gevaarlike" Liberalisme (wat heel dikwels as sinoniem met Kommunisme voorgestel is) van die Progressiewe Party (PP) van Helen Suzman? Wat het daarvan geword? Die PP en die Nasionale Party (NP) het opgegaan in die Demokratiese Alliansie (DA). Die PP element binne die DA het hulleself steeds as die draers van die liberale ideaal beskou en die NP swyg oor ideologiese oriëntasie (dit was nie meer die in ding om nasionalisties te wees nie). En wat gebeur toe? Die Nasionale Party, wat lid was van die DA, ontbind en daar bly sit die grootste gros Afrikaners in die DA – die liberale vaandeldraer. Dit is te betwyfel of die Nasionaliste wat DA gestem het na '94 'n ideologiese wedergeboorte ondergaan het, maar die realiteit is, hulle het gestem vir 'n party wat daarop geroem het dat hy die vaandeldraer van die liberalisme in Suid-Afrika is.

Ondertussen het Afrikaner nasionalisme soos ons dit geken het stil-stil gekwyn. In die wêreld het onder meer die postmodernisme met sy vele vergestaltes grond begin wen, hier te lande veral by universiteite; kommunisme heroriënteer na die val van die USSR en word 'n mindere ideologiese faktor; sosialisme probeer weer plek herwin; die neo-liberalisme wat dominant is/was, word uitgedaag; identiteitspolitiek verkry groter prominensie; en populisme wen veld. Die wêreld het meer kompleks geword. In die binneland het die ekonomies-politieke sentrum onder Zuma beduidend na links geskuif terwyl Afrika nasionalisme sterker na die oppervlakte kom. Ook in die DA was daar 'n verskuiwing te bemerk vanaf die klassieke individualistiese liberalisme na 'n meer sosiaal demokratiese benadering.

Dit is duidelik: Internasionaal en hier te lande is 'n ideologiese gistingsproses aan die gang wat mense bang en onseker stem. So skryf die politieke waarnemer Leopold Scholtz dat *"...op geestelike vlak is baie Afrikaners, ofskoon nie almal nie, weer, net soos destyds, verdwaas, radeloos, reddeloos, moedeloos en leierloos. – Leopold Scholtz (Kruispaaie – Afrikanerkeuses in die 19e en 20ste eeu, 2016)*

Die binnelandse politiek is nie meer so duidelik te verstaan nie. Politieke oriëntasies is ook nie meer so maklik te onderskei nie. Die konsepte links en regs is verwarrend. 'n Politieke waarnemer, Steven Friedman, sê die volgende:
"Is the ANC under President Jacob Zuma left-wing or right-wing? It is probably both and neither.
Last week, DA MP Belinda Bozzoli, a former academic, wrote on this newspaper's letters [Business Day] *page that Zuma is a Marxist-Leninist…*
A few days before … academic and United Front activist Mazibuko Jara talked of his fears that the right may be gaining influence in the government — he worried about continuing attempts to strengthen rural authority figures and the increasing use of force against left-wing activists."
Friedman vra: *"So are we governed by the left (a popular view in the suburbs) or the right (a very popular view on the left)?"*
Hy kom tot die gevolgtrekking: *"But all the major parties also take policy positions that do not square with their ideological labels. This is important not only because it might help us understand our politics better."* (Friedman, 25 Maart 2015)

Oor die internasionale toneel sê 'n waarnemer van Al Jazeera, Marwan Bishara, die volgende (waarmee saamgestem kan word): *"It's a big mess out there: loss of compass, absence of leadership and little or nothing to believe in. To quote the eminent Irish poet YB Yeats: "The best lack all conviction, while the worst are full of passionate intensity."*
"The past few years have witnessed the retreat of democracy, the return to autocracy and the rise of popular nationalism... You might say there is nothing new here; it's always been like that. But there was always a vision of sorts, a promise of better things to come – but not this day
Hy sê verder: *"Countries big and small seem to embrace, coercively or willingly, demagogic populism and nationalistic autocrats..."*
Oor hierdie populistiese nasionalisme merk Bishara die volgende op: *"These trends are not ideological with coherent world views; rather they're voiced in empty slogans and even 140-character tweets ..."*

Ons volstaan met die gedagte dat vanuit ideologiese perspektief die wêreld in ‘n periode van oorgang verkeer. Ruimte laat ons nie toe om verder hierop in te gaan nie.

Afrikaners en ideologie

Sou iemand ons sou vra, wat is die ideologie of denkraamwerk van die Afrikaner? Wat sal ons antwoord? Liberalisme was nog nooit dit waarmee die Afrikaner homself vereenselwig het nie. So ook nie die sosialisme nie. Die derde van die drie groot ideologieë, die konserwatisme, was eerder die denkingesteldheid waarmee baie Afrikaners hulleself vereenselwig het, maar onmiddellik is die vraag: konserwatief ten opsigte van wat? Die behoud van wat? Nasionalisme wat in die verlede rigtinggewend was, is gediskrediteer as synde rassisties en ‘n verskansing van wit bevoorregting. Dus geen teruggryp daarheen nie.

Sowat twee dekades gelede het Francis Fukuyama na die ineenstorting van die kommunistiese ryk, triomfantelik verklaar die einde van geskiedenis het aangebreek. Daarmee het hy bedoel dat die liberale demokrasie in so ’n mate geseëvier het dat die geskiedenis van ‘n ideologiese wêreldstryd finaal verby is. Die liberale demokrasie het die beslissende oorwinning behaal. Dit was egter nie lank nie of weerstand teen wat genoem is die neo-liberale wêreldorde begin toeneem. Dit het veral beduidende momentum gekry na die finansiële krisis van 2008. Dit het dan ook geleentheid geskep vir ander ideologieë om hulleself in te woel in die markplek van idees. Die belangrikste hiervan is die herlewing van sosialisme in baie plekke in die wêreld en die groter vastrapplek wat vele denkspruite ingeënt op die stam van die post-modernisme in veral die Weste die afgelope bykans drie dekades verkry het.

In die na-1994 era word Suid-Afrika se nuwe staatkundige bedeling as ’n liberale demokrasie getipeer. Daar is egter bedenkinge of die liberale vertrekpunt, hoeveel meriete dit ook al mag hê, volkome geskik is vir die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse kultuurverskeidenheid; kultuurverskeidenheid synde die groot politieke vraagstuk in ons land. Die heersende omstredenheid rondom die Grondwet is aanduidend van die problematiek. Aan die een kant word gemeen dat die Grondwet nie voldoende beskerming bied aan minderhede nie, en aan die ander kant word gemeen dat die Grondwet ‘n uitverkoop aan die liberale Weste is en grootliks tot voordeel van witmense strek.

Die rede vir hierdie twyfel aan beide kante van die spektrum, is die grondliggende uitgangspunt van die liberalisme, naamlik, dat die fokuspunt van die sosiale orde die outonome individu is. Aan die nader kant staan die siening van die mens as sosiale wese en waar die fokus geplaas word op die groep, nie die individu nie.

Indien die term liberale demokrasie nie vir ons aanvaarbaar is nie, wat dan? Alvorens ons besin oor dit wat as rigsnoer vir ‘n eie benadering kan dien, werp ons ‘n vlugtige blik op die drie vernaamste ideologieë van ons tyd: liberalisme, sosialisme en konserwatisme en die invloed van die meer onlangse verskynsel van die post-modernisme wat veral gedurende die afgelope drie dekades groter impak gemaak het.

Opmerking: Ideologieë opereer nie in geslote kompartemente nie. Hulle maak dikwels gebruik van dieselfde konsepte, weliswaar anders ingeklee, sonder dat die

een dit noodwendig van die ander oorgeneem het. Dink byvoorbeeld aan die ooreenstemming tussen Handelinge 2 en die sentrale kommunistiese leerstelling oor privaatbesit. Handelinge 2:45: "Hulle het hulle eiendom en besittings verkoop en aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte." Vgl. die kommunistiese stelreël: "From each according to his ability, to each according to his needs". Vgl. ook Ananias en Safira se lot omdat hulle nie al hul besittings wou deel nie (Hand. 5). Dit is uiters onwaarskynlik dat die kommunisme enigsins deur die Bybel geïnspireer is in hulle benadering tot privaatbesit.

Liberalisme (vryheid)

Klassieke Liberalisme is 'n verbondenheid tot 'n ekstreme vorm van individualisme en 'n sterk afkeer aan staatsintervensie in die lewe van die individu. 'n Sterk vertroue in die meganismes van die vryemark is kenmerkend van hierdie benadering. Hulle staan 'n sterk vorm van kapitalisme voor wat nie 'n oog het vir verantwoordelikheid aan die gemeenskap nie. Mettertyd het daar ook 'n ander stroming in die liberalisme ontwikkel met groter toegeeflikheid wat die rol van die staat betref en is geglo dat die staat 'n groter bydrae moet maak tot die ontwikkeling van die individu. Dit het gelei tot 'n welvaartsbenadering (sosiaal demokratiese benadering of, soos dit meer negatief na verwys word, die "nanny state") in die liberalisme.

Eienskappe: *individualisme* (die kernwaarde van die liberalisme), *private eiendomsbesit* (dit word beskou as 'n inherente mensereg), *vryheid* (individuele vryheid 'n verdere kernwaarde met voorrang bo gelykheid – gelyke uitkomste), *rede* (die wêreld is 'n rasionele orde wat deur die rede ondersoek en onder beheer gebring kan word), *gelykheid* (glo dat alle mense as gelykes gebore word, maar dat elkeen sy eie heil moet uitwerk wat uiteindelik ongelykhede tot gevolg kan hê), *toleransie/verdraagsaamheid* (glo dat dit 'n waarborg bied vir individuele vryheid), *instemming* (glo dat outoriteit en sosiale verhoudinge altyd op gewillige instemming moet berus), *konstitusionalisme* (wantrouig jeens outoritêre tendense wat die individu tiranniseer).

Belangrik: Vir praktiese doeleindes kan 'n onderskeid getref word tussen die filosofie van liberalisme en politieke liberalisme. In Afrikaner geledere is liberalisme prinsipieel verwerp weens die humanistiese aard van sy vertrekpunt, naamlik die outonomie van die mens soos uitgedruk in William Ernest Henley se bekende woorde: *"I am the master of my fate: I am the captain of my soul"*. Dit beteken egter nie dat vanuit 'n ander filosofiese vertrekpunt daar nie oor dieselfde politieke waardes waaroor die liberalisme sterk voel, saamgestem kan word nie. Neem as voorbeeld spraakvryheid wat as 'n sentrale liberale waarde ontwikkel is. Konserwatiewe en sosialistiese benaderings kan hulle met ewe veel passie daarmee vereenselwig en veg vir die eerbiediging van die beginsel van die vryheid van spraak. Die Weste en ook Afrikaners is inderwaarheid veel dank verskuldig aan liberale waardes in die politiek.

Sosialisme (gelykheid)

Sosialisme het sy ontstaan in 'n groot mate te danke aan die uitbuiting van werkers gedurende die industriële revolusie in Europa. Die sosialisme het wyd uiteenlopende

verskyningsvorme, vanaf Marxisties-Leninistiese kommunisme as een pool tot by die Britse Arbeidersparty van Tony Blair aan die ander pool.

Eienskappe: *Gemeenskap* (community) (die kern van sosialisme: die mens as gemeenskapswese), *broederskap* ('n gemeenskaplike mensheid saamgebind deur kameraadskap en broederskap), *sosiale gelykheid* ('n sentrale waarde van sosialisme met voorrang bo ander waardes; gelykheid van uitkoms), *behoeftes* (materiële voordele moet distribueer word op die basis van behoefte, nie op meriete of werk nie; "from each according to his ability, to each according to his need"), *sosiale klasse* (klasse-politiek tipeer sosialisme; klem op die "onderdrukte" en die "uitgebuite" werkersklas wat as agent van die sosiale verandering, selfs revolusie, moet dien. Die uiteindelike oogmerk is egter die uitwissing van klasseverskille), *gemeenskaplike eiendomsbesit* (in Marxisme is die wegdoen van privaatbesit die einddoel. Ander sien beperkinge op privaatbesit slegs as metode om groter gelykheid te bewerkstellig. Moderne sosialisme is egter besig om weg te beweeg van dogmatiese uitsprake).

Marxisme en sy verskeidenheid van verskyningsvorme, onder meer "critical theory" en die meer gematigde sosiaal demokratiese uitingsvorm waarvan die politiek van die Britse Arbeidersparty onder Tony Blair 'n voorbeeld is. "Critical theory" is 'n radikale Marxistiese benadering wat ook in die #MustFall beweging inslag vind in samehang met sekere postmodernistiese uitlopers.

Konserwatisme (orde)
Konserwatisme in sy meer moderne gedaante verteenwoordig 'n verbintenis tot 'n ordelike hiërargiese (in teenstelling met die algehele gelykheid van die sosialisme) gemeenskap waarin gemeenskapwaardes 'n dominante rol speel. Die neo-konserwatiewes beklemtoon gesag en tradisionele waardes en was in Amerika veral bekend vir die stook van vure om Irak na 9/11 aan te val.

Eienskappe: *tradisie* (respek vir ewige waardes en institusies wat dit onderhou; dit skep sosiale kohesie), *pragmatisme* (wantrouig teenoor die rede, stel eerder prys op praktiese ervaring, geskiedenis en pragmatisme, "dit wat werk"), *menslike feilbaarheid* (glo aan menslike feilbaarheid en "oersonde", en die beklemtoning van menslike verantwoordelikheid vir verkeerde besluite, nie die sosiale omgewing nie; daarom streng wetstoepassing), *organies* (sien die gemeenskap as 'n organiese geheel en families, gemeenskappe en die volk as die "vesel" van die gemeenskap), *hiërargies* (glo dat onvermydelike verskille bestaan in die gemeenskap bestaan en word daarom soms ook beskuldig van elitisme), *outoritêr* (glo aan (sterk) leierskap "van bo"), *eiendomsbesit* (beskou eiendomsbesit as van kardinale belang omdat dit aan mense sekuriteit en onafhanklikheid van die owerheid verskaf).

Konserwatisme word in die huidige tydsgewrig geassosieer met die konsepte progressief-behoudend aan die positiewe kant en as reaksionêr vanuit 'n negatiewe hoek. Hoewel uit liberale kraal, word neo-liberalisme met sy eis van uiterste vryheid in die ekonomie (libertyns) vereenselwig met konserwatisme.

Post-modernisme (relativisme)
Eienskappe: Die hedendaagse oorsprong van die post-moderne denke kan waarskynlik teruggespoor word na Nietzsche se deklarasie teen die einde van die

19e eeu: "God is dood". Hierdie gedagte het egter eers in die tweede helfte van die 20ste eeu groter algemene gangbaarheid begin kry. Dit het geïmpliseer dat daar geen bo-natuurlike gesagsbron bestaan nie en dus geen objektiewe waarheid nie (waarheid is slegs wat die mens daarvan maak - relativisme). Die hele post-moderne stroming kan in wese as 'n reaksie op die modernisme beskou word. 'n Sterk ondertoon van die vele post-moderne vertakkinge is sterk anti-Westers georiënteer.

Van die groot aantal verskyningsvorme van anti-Westerse postmodernisme, is van die volgende van belang vir Suid-Afrika, veral as ideologiese stukrag agter die #MustFall beweging: Dekolonisasie (Franz Fanon is een van die mees aangehaalde skrywers in hierdie verband. Dit vind ook aansluiting by ander strominge soos bv. Black Power, Afrikanisme as "bevrydingsalternatief", ens.), anti-imperialisme, feminisme, ekologisme, Politiek Korrekte (PC) beweging, ens. Daar is egter bitter min Afrikaners binne hierdie dampkring en kan gevolglik daar gelaat word.

Die alternatief (vryheid in gebondenheid)
Nie een van bogenoemde denkrigtings verskaf aan die Christen 'n holisties-bevredigende raamwerk vir die uitleef van sy/haar politieke verantwoordelikheid nie. Die alternatief wat met groot vrug deur Suid-Afrikaners ondersoek kan word, is dié van die internasionale Christen of Sentristies-Demokratiese denkrigting. Die samesnoerende organisasie internasionaal is die Centrist Democrat International (CDI), die tweede grootste internasionale politieke beweging naas die Socialist International. Dit was veral die ikoniese figuur Konrad Adenauer wat 'n groot rol gespeel het in die stigting van die CDI wat sterk momentum opgebou het na die Tweede Wêreldoorlog in Europa. Vandag is dit 'n internasionale krag waarvan Suid-Afrikaners ongelukkig min kennis dra en dit terwyl veral Afrikaners hulle besonder tuis in hierdie dampkring kan vind. (Kyk aanhangsels A en B vir partye wêreldwyd en leiers.) Die DA is lid van die Liberal International.

Die sentrale vertrekpunt van die Christen/Centrist-Demokrate (CD) is die Christelike mensbeskouing. Elke mens word as uniek beskou en moet met (mens)waardigheid hanteer word. Mense is nie maar net geïsoleerde enkelinge nie (liberalisme), ook nie 'n vooraf gedetermineerde sosiale klasse-mens nie (Marxisme), maar individue met onvervreembare regte wat alleenlik binne die konteks van interaksie met ander mense tot volle verwesenliking kan kom.

Baie belangrik ook is dat die mens as 'n onvolmaakte wese beskou word wat strook met die meer konserwatiewe (realisme) benadering asook die Christelike siening van die sondige mens.

Christen/Centrist-Demokrate postuleer onder meer die volgende fundamentele politieke oortuigings en doelwitte:

- Die erkenning van 'n vrye en konstitusionele demokrasie as die enigste politieke sisteem waarbinne die basiese Christelike waardes van die mens gerealiseer kan word.
- Die wetlike reg om politieke, ekonomiese en persoonlike selfverwesenliking na te strewe inagneming die verantwoordelikheid teenoor ander.
- Die aanvaarding van verantwoordelikheid en die bereidwilligheid om dit te deel, die beginsel van politieke desentralisasie (subsidiariteit) en persoonlike

verantwoordelikheid as superieur tot gesentraliseerde en outoritêre paternalisme.
- Solidariteit met die swakkeres in die gemeenskap as uitvloeisel van Christelike medemenslikheid.

Die fundamentele waardes van CD is in wese die volgende:
Vryheid – Geregtigheid – Solidariteit
Die sentristiese siening van die doel/funksie van die staat is: handhawing van vrede (sekuriteit) en die skepping van 'n raamwerk vir voorspoed (welsyn) ***in geregtigheid***. In die politieke sfeer word vryheid gerealiseer deur konstitusioneel beskermde en onvervreembare regte (menseregte). Dit sluit onder meer in die vryhede van godsdiensbeoefening, handhawing van eie menings, (om nie voorgesê te word nie), persvryheid, vryheid van byeenkoms, vryheid van assosiasie sowel as die reg om te stem. Hou in gedagte dat die demokrasie nie bloot uit laasgenoemde bestaan nie. Dis die somtotaal van laasgenoemde en wat deur 'n volwasse burgery beoefen word.

Ekonomiese vryheid vind uitdrukking in die reg op eiendomsbesit, die reg op vrye ontwikkeling van ondernemings, vrye keuse van werk, vrye beweging van mense/werkers. Die sentriste volg 'n markgeoriënteerde ekonomiese benadering maar, en dit is belangrik, is terselfdertyd voorstanders van sosiale geregtigheid.

Gelykheid is vir sentriste gegrond in die gelykheid van mense in die oë van God as bron van hulle Godgegewe menswaardigheid en gelykheid voor die reg. Wat ekonomiese gelykheid betref staan die sentriste in kontras met ander ideologieë soos die sosialisme en kommunisme deurdat dit die radikale redistribusie van eiendom en inkomste teenstaan. Sentriste is voorstanders van toedelende geregtigheid ("distributive justice") vir die skepping van gelyke geleenthede en die bereiking van sosiale aanpassings in stede van sosiale eenvormigheid. Elkeen moet dus die geleentheid gebied word om te ontwikkel op 'n wyse wat sy eie voorkeure en vermoëns pas. Sentriste bevorder daarom 'n liberale politieke raamwerk (die konstitusionele staat) en 'n sosio-ekonomiese konsep (die sosiale markekonomie waarvan Duitsland as voorbeeld geld) as die mees geskikte wyse waarop dit bereik kan word.

Algemene kenmerke van die sentrisme is onder meer die bevordering van die heiligheid van die menslike persoon, die beskerming van eiendomsreg, die familie en die gemeenskaplike welsyn ("common good"), subsidiariteit (afwenteling van mag), trots op werk en omsien na die swakkeres/behoeftiges in die gemeenskap.

Binne die konteks van die Suid-Afrikaanse situasie is dit veral die konsepte van die sosiale geregtigheid en die "common good" wat deeglike besinning verg. In die verlede is in Afrikaner geledere dikwels weggeskram daarvan weens die implikasies wat dit vir apartheid kon inhou. Die tyd is nou meer as ooit te vore ryp om die gesprek te voer. Myns insiens is dit die konsekwente *uitlewing/ toepassing* van prinsipiële sosiale geregtigheid wat 'n sleutel bied tot 'n vreedsame en voorspoedige Suid-Afrika.

Binne die konteks van sosiale geregtigheid, is die saamwoon van verskillende kulture binne 'n gemeenskaplike landsgrens 'n brandende kwessie. Ons kyk vervolgens daarna.

Politieke denkstrome in Suid-Afrika – Afrikanerbond besprekingsdokument

Multi-kulturaliteit
Die hantering van multi-kulturalisme is vir Suid-Afrika ‘n reuse uitdaging op die pad vorentoe. Hoe word die reënboognasie metafoor in die praktyk vergestalt? Hoe gemaak met ‘n veelheid van kulture binne een staatkundige entiteit?

Na die invloei van ‘n beduidende stroom immigrante uit veral Noord-Afrika en die Midde-Ooste in Europa, het Europese state hoofsaaklik twee uiteenlopende benaderings gevolg: Enersyds die integrasie/assimilasie benadering waar van die minderheidsgroep verwag is dat hy moet integreer/opgaan in die meerderheidskultuur, en andersyds die multi-kulturele silo benadering waarvolgens groepe aangemoedig word om hulle eie kulturele identiteite te bly handhaaf. Die bedoeling met laasgenoemde was aanvanklik om kwesbare kulturele minderhede te beskerm maar het later uitgekring om alle “onderdrukte” minderhede soos onder meer die LGBT “kultuur” te beskerm – LGBT = Lesbian, Gay, Bi-sexual en Trans-gender). Hierdie soort identiteitspolitiek het ‘n sterk anti-Westerse en anti-koloniale inslag ontwikkel en het beduidend veld gewen in linkse geledere.

Inter-kulturaliteit
Weens probleme met beide hierdie benaderings in die praktyk, het daar in Kanada ‘n verdere gedagte ontstaan wat toenemend byval vind, naamlik die inter-kulturele benadering wat die klem op die handhawing van identiteit plaas *tesame/gelyktydig* met die beklemtoning van die onderling vervlegtingsamehang van identiteite (dit kan die blokkieskombers benadering genoem word waar die breiblokkies hulle onderskeie identiteite behou maar onlosmaaklik in ‘n groter geheel in die kombers aaneengeskakel is). Die klem moet op die blokkies self geplaas word, op die kulturele identiteit, maar ewe veel op dit wat die geheel aanmekaar verbind en aanmekaar hou (die talle gemeenskaplikhede in die staatsbestel). Dit is ‘n wen-wen benadering. Die kultuurblokkies moet insien dat hulle onlosmaaklik aan mekaar verbind is, dat daar ‘n inter-groep verbondenheid tussen hulle is (inter-kulturaliteit).

Inter-kulturaliteit lê klem op identiteitspolitiek. Net soos wat die mens behoefte het om erken te word, so het kulturele groepe ook die behoefte om as unieke identiteitsgroep erken te word (die filosoof Charles Taylor was veral prominent in die bevordering van hierdie gedagte). In wese vertoon hierdie benadering ‘n sterk ooreenstemming met nasionalisme, maar in die huidige wêreld-denkklimaat word dit verswyg.

Hoewel beide strominge van die multi/inter-kulturalisme ‘n oog het vir minderhede, is die verskille tussen die twee benaderings radikaal van aard. Dat Afrikaners moet opgaan in ‘n groter geheel is nie onderhandelbaar nie. Isolasie in ‘n afgesonderde silo ter beskerming van ‘n eie identiteit is onwerkbaar. Dit laat die inter-kulturele benadering as die beste opsie vir die posisionering van Afrikaners as kultuurgroep in Suid-Afrika.

In praktyk beteken dit dat Afrikaners (hoe uitgebreid die definisie ook al mag wees) sal probeer om die kultuur-eie steeds met entoesiasme uit te bou en terselfdertyd hande te vat met die owerheid en ander kultuurgroepe om ‘n harmoniese gemeenskaplike tuiste te skep. Samewerkende oplossingsgerigtheid is ‘n

denkhouding wat by Afrikaners sowel as alle ander groepe in Suid-Afrika aktief bevorder behoort te word.

Wat Afrikaners as minderheidsgroep in Suid-Afrika betref, sal nog baie gedink moet word. Vanuit linkse geledere word Afrikaners nie oor dieselfde kam as ander minderhede geskeer nie. Die klem vanuit daardie oord is immers op die beskerming van "onderdruktes". Afrikaners word gediskwalifiseer weens hulle "whiteness"; omdat hulle deel vorm van die bevoorregte klas. Volgens hulle kan Afrikaners dus nie aanspraak maak op slagofferskap nie en daarom ook nie kwalifiseer vir maatreëls vir die beskerming van 'n eie identiteit as minderheid nie.

Die inter-kulturele bied myns insiens die mees raamwerk vir besinning oor kulturele groepsordening in Suid-Afrika. Ons sal dringend aan die werk moet spring om praktiese beslag daaraan te gee.

Samevatting

Deur wat ek hier aan u voorgehou het, het ek probeer aantoon dat daar nog baie verkenningwerk vir Afrikaners voor is wat hulle oortuigings oor die Suid-Afrikaanse samelewing betref. Wat my betref, is ek daarvan oortuig dat die gebruik van die gedagtes wat ons by die Christelike/Sentristiese Demokrate aantref, die mees geskikte raamwerk vir verdere besinning vorm.

Ook wat multi/inter-kulturalisme betref, sal dink en doen op die basis van samewerkende oplossingsgerigtheid voorop moet staan.

Bylae A
Christian democracy around the world

The international organization of Christian democratic parties, the Centrist Democrat International (CDI), formerly known as the Christian Democratic International, is the second largest international political organization in the world (second only to the Socialist International). European Christian democratic parties have their own regional organization called the European People's Party, which form the largest group in the European Parliament, the EPP Group.

Europe

Christian democracy has been especially important in the politics of Italy (inspired by Luigi Sturzo; *see Christian Democracy (Italy)*),Norway *(see Christian Democratic Party of Norway)*, and Germany *(see Christian Democratic Union (Germany) and Christian Social Union in Bavaria)*. Major Christian democratic influence can also be seen in the politics of Austria *(see Austrian People's Party)*, Hungary *(seeFidesz/Hungarian Civic Party, Christian Democratic People's Party (Hungary))*, Belgium *(see Christian Democratic and Flemish (CD&V),Humanist Democratic Centre (CDH) and Christian Social Party (CSP))*, Finland *(see Christian Democrats (Finland)*), France, Ireland *(seeFine Gael)*, Luxembourg *(see Christian Social People's Party)*, Malta, the Netherlands *(see Christian Democratic Appeal)*, Portugal *(seeDemocratic and Social Centre - People's Party)*, Poland *(see Civic Platform and Polish Peasants' Party)*, Romania *(see Christian-Democratic National Peasants' Party)*, San Marino *(see Sammarinese Christian Democratic Party)*, Spain *(see, Partido Popular,Democratic Union of Catalonia)*, Sweden *(see Christian Democrats (Sweden))*, Ukraine *(see Christian Democratic Union (Ukraine))* and Serbia *(see Christian Democratic Party of Serbia)*. Though not very strong in the United Kingdom where the Conservative Party dominates conservative politics, in recent years the party has begun to adopt political views and policies which are characteristics of Christian democracy.[14] Specific christian democratic parties in the UK also exist: The Christian Peoples Alliance (CPA), The Common Good, theChristian Party and the Christian Democratic Party are the four Christian democratic parties currently in the UK. Recently there is a Christian democracy party in Greece but not very strong yet.

Christian and Democratic Union – Czechoslovak People's Party in the Czech Republic is an example of relatively small Party with major influence. Even though its electorate is lower than 10% it remained in almost every Government since fall of Communism due to its Centrist nature and high Coalition potential.

Slovakia has two major Christian Democratic Parties. Christian Democratic Movement was established in 1990 and became the second strongest party in the Country after the first Democratic Election. The Party then dropped to only 8%. Slovak Democratic and Christian Union – Democratic Party was formed in 2000 as a split from Christian Democratic Movement and became the major Centre-Right Party until 2012 Election defeat. Both Parties are considered to be political Partners.

The Nationalist Party of Malta is a Christian democratic party and has won seven out of eleven general elections since Malta'sindependence in 1964. It advocates staunch Christian values including bans on abortion and, until recently, divorce. It is currently in opposition after a landslide victory by its rival the Labour Party in 2013.

Latin America

Politieke denkstrome in Suid-Afrika – Afrikanerbond besprekingsdokument

Christian democracy has been especially important in Chile *(see Christian Democratic Party of Chile)* and Venezuela (see COPEI – Christian Democratic Party of Venezuela), among others, and partly also in Mexico, starting with the ascendancy of President Vicente Foxin 2000, followed by Felipe Calderón *(see National Action Party (Mexico))*. Cuba counts with several Christian democratic political associations, both on the island and in exile. The most significant is perhaps the Movimiento Cristiano de Liberación (MCL) (www.oswaldopaya.org), led by Cuban dissident Oswaldo Payá, who was killed in a tragic automobile accident in the summer of 2012 and has been nominated for the Nobel Peace Prize. In Uruguay, the Christian Democratic Party of Uruguay, although numerically small, was instrumental in the creation of the leftist Broad Front in 1971.

Australia

Christian democratic parties in Australia include the Christian Democratic Party, the Democratic Labor Party (regarded by some as a social democratic party), and the Family First Party (regarded by some as a liberal democratic party).

In Victoria, and NSW Australian Labor Party (ALP) state executive members, parliamentarians and branch members associated (rightly or wrongly) with the Industrial Groups or B. A. Santamaria and The Movement, were expelled from the party (against that party's rules). They formed a new party, soon to be known as the Democratic Labor Party (DLP). Later in 1957, a similar split occurred in Queensland, with the resulting group subsequently joining the DLP. The party also had sitting members from Tasmania and New South Wales at various times, though it was much stronger in the former mentioned states.

The party was in agreement with the ruling conservative Liberal and Country parties on many issues, which resulted in their preferencing of these parties over the ALP. However, it was more morally conservative, militantly anti-communist and socially compassionate than the Liberals. The DLP was defeated by the federal election of 1974 that saw its primary vote cut by nearly two thirds, and the entry of an ALP government. The DLP never regained its previous support in subsequent elections and formally disbanded in 1978, but a small group within the party refused to accept this decision and created a small, reformed successor party.

Though his party was effectively gone, Santamaria and his National Civic Council took a strong diametrically opposed stance to dominantThird Way/neoliberal/New Right tendencies within both the ALP and Liberal parties throughout the eighties and early nineties.

In 2006, the new DLP experienced a resurgence. The successor party struggled through decades of Victorian elections before finally gaining a parliamentary seat when the Victorian upper house was redesigned. Nevertheless, its electoral support is still very small in Victoria (around 2%). It has recently reformed state parties in Queensland and New South Wales. In the Australian federal election, 2010, the DLP won the sixth senate seat in Victoria, giving it representation in the Australian Senate.[15]

Another Christian party that found strength in 1981 was the Christian Democratic Party (initially known as the "Call to Australia" party). It gained 9.1% of the vote in the New South Wales (NSW) state election of 1981, but its vote rapidly[*citation needed*] declined thereafter. This Protestant party had some very similar social policies to the DLP. Its support base has generally been restricted to NSW and Western Australia, where it usually gains between 2–4% of votes, with its support being

minuscule in other states. It has had two members of the NSW state parliament for most of its existence.
Another Australian Christian democratic party of note is the Family First Party. It has had one or two members in the SA parliament since 2002, and in 2004 also managed to elect a Victorian senator. Its electoral support is small, with the largest constituencies being South Australia (4–6%), and Victoria (around 4%). Family First generally receives lower support in national elections than in state elections.

Bylae B
Notable Christian democrats

Europe

- **Konrad Adenauer,** first chancellor of West Germany after World War II and architect of the social market economy
- **Giulio Andreotti,** long-time Prime Minister of Italy (1972–1973, 1976–1979, 1989–1992)
- Iuliu Maniu, former Prime Minister of Romania
- **Jerzy Buzek,** former President of the European Parliament (2009–2012)
- Alcide De Gasperi, Italian prime minister and pro-European leader
- **Éamon de Valera,** president and prime minister of Ireland, whose Constitution of Ireland was influenced by Catholic social teaching
- Eddie Fenech Adami, former leader of the Nationalist Party in Malta (*Partit Nazzjonalista*); former prime minister and former President of the Republic of Malta
- **Helmut Kohl,** chancellor of West Germany and later the unified Germany
- **Abraham Kuyper,** founder of the Netherlands' Anti Revolutionary Party (the first Christian democratic party), as well as the Neo-CalvinistProtestant movement, and a Prime Minister of the Netherlands
- Giorgio La Pira, Italian politician, from the left wing of Democrazia Cristiana
- **Ruud Lubbers,** a prime minister of the Netherlands and United Nations High Commissioner for Refugees
- **Wilfried Martens,** former Prime Minister of Belgium, president of the European People's Party
- Kjell Magne Bondevik, former Prime Minister of Norway
- **Angela Merkel,** since 2005, the first female Chancellor of Germany
- Xabier Arzalluz, leader of the Basque Nationalist Party for two decades, until 2004
- Luigi Sturzo, Italian politician and one of the founders of the Partito Popolare Italiano in 1919
- **Aldo Moro,** prime minister of Italy, killed by the Brigate Rosse
- Boris Trajkovski, President of the Republic of Macedonia
- Mariano Rajoy, Prime Minister of Spain
- **Herman Van Rompuy,** first fixed-term President of the European Council
- Robert Schuman, French politician who has served both as head of government and foreign minister, leader of Popular Republican Movement; one of the founders of the European Union
- Wolfgang Schüssel, former Chancellor of Austria
- Adone Zoli, former Prime Minister of Italy
- **Lech Wałęsa,** Polish politician, trade-union organizer, and human-rights activist. A charismatic leader, he co-founded Solidarity, the Soviet bloc's first

independent trade union, won the Nobel Peace Prize in 1983, and served as President of Poland 1990–1995
- Ludwig Windthorst, German politician and leader of Centre Party
- Joseph Görres, German writer and journalist, co-founder of an idea of the political Catholic movement
- **Jean-Claude Juncker**, Prime Minister of Luxembourg (1995–2013), President of the Eurogroup (1989–2009) and President of the European Commission (2014–present)
- Nikos Nikolopoulos, former labor minister of Greece
- Vladan Batić, Serbian politician
- Dalia Grybauskaitė, President of Lithuania since 2009